**SA Boerperd Telersgenootskap**
**SA Boerperd Breeders Society**
www.saboerperd.com

# 2026

DOKUMENT A5 *DOCUMENT*

# STÊRHINGS NOMINASIE & STÊRVUL BEOORDELING
# *STAR STALLION NOMINATION & STAR FOAL JUDGING*


| | ***INHOUD*** | ***INDEX*** |
|---|---|---|
| *1.* | INLEIDING | *INTRODUCTION* |
| *2.* | REëLS & REGULASIES | *RULES & REGULATIONS* |
| *2.1* | FOOIE & ANDER | *FEES & OTHER* |
| *2.2* | DEKKINGS | *COVERINGS* |
| *3.* | INSKRYWING & BEOORDELING | *ENTRIES & JUDGING* |
| *3.1* | MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS PER HINGS | *MAXIMUM ENTRIES PER STALLION* |
| *3.2* | AANTEKENINGSVOORWAARDES | *RECORDING CONDITIONS* |
| *3.3* | BEOORDELING | *JUDGING* |
| *3.4* | VERBODE MIDDELS | *PROHIBITED SUBSTANCES* |

## 1. INLEIDING | *INTRODUCTION*

Die doel van die STêRHINGS veiling is om aan telers die geleentheid te gee om dekkings van SA Boerperd hingste te verkry. Na die dekkings op die Stêrhings-veiling gekoop is, word merries genomineer om deur die betrokke hingste beset te word. Die vullens wat van die **oorspronklik** genomineerde merries afkomstig is, sal kwalifiseer vir die Stêrvul Kompetisie.

*The aim of the STAR STALLION auction, is to give breeders the opportunity to obtain coverings of SA Boerperd Stallions. After the coverings have been sold at the Star Stallion Auction, mares that will be covered to carry these foals, are nominated. The foals born from the* ***originally*** *nominated mares will be eligible to enter for the Star Foal competition.*

Die duur van die proses van Stêrhings nominasie, tot Stêrvul beoordeling, is ± 2 jaar.
*The duration of the process from Star Stallion nomination to Star Foal judging, is ± 2 years.*

(i) Die hings word genomineer en beskikbaar gestel vir dekkings soos hieronder beskryf.
*The stallion is nominated and made available for coverings as described below.*

(ii) Die dekking word opgeveil en aan die hoogste bod toegeken.
*The covering is auctioned off and awarded to the highest bidder.*

(iii) Die merrie deur wie die stêrvul gedra sal word, word in die daaropvolgende dekseisoen beset en genomineer op 31 Maart.
*The mare that will carry the Star Foal, is covered and nominated in the subsequent breeding season on 31 Martch.*

(iv) Nadat die vul gespeen is, kan dit as onder 12 maande oue vul deelneem aan die Stêrvul klas waarvan die datum van die Sterhings-veiling gespesifiseer is.
*After the foal has been weaned, it can be entered as an under 12 months old foal in the Star Foal class of which the date of the Star Stallion auction date has been specified.*

*(v) Stêrvullens word saam as onder 12 maande oud vullens beoordeel, ongeag geslag.*
*Star Foals are judged together as Star Foals under 12 months, irrespective of gender.*

(vi) Stêrvullens mag nie tydens die skou waarop die Stervulbeoordeling plaasvind aan enige ander in-hand klas deelneem nie.
*Star Foals may not enter in any other in-hand classes at the show where the Star Foal judging takes place.*

Hierdie reëls en regulasies mag van tyd tot tyd aangepas word soos dit nodig mas wees. Die nuutste reëls en regulasies sal op die SA Boerperd webblad beskikbaar wees.
*These rules and regulations may, from time to time, be amended as deemed necessary. Die current rules & regulations will be available on the web page.*

## 2. REËLS & REGULASIES| *RULES & REGULATIONS*

### 2.1 FOOIE & ANDER | *FEES & OTHER*

2.1.1 Alle fooie is betaalbaar aan die SA Boerperd Telersgenootskap se Stêrhings-fonds.
60 % van alle gelde ingesamel deur die Stêrhings-veiling, word as prysgeld tydens die betrokke Stêrvul beoordeling uitbetaal.
*All fees are payable to the SA Boerperd Breeders' Society's Star Stallion fund.*
*60% of the money raised from the Star Stallion Auction, will be paid out as prize money at the related Star Foal competition.*

2.1.2 Hingste word deur die eienaar genomineer teen 'n nominale fooi van R1000.00 per hings.

*Stallions are nominated by its owners at the nominal fee of R1000.00 per stallion.*

2.1.3 Die eienaar van die hings genoem in 2.1.2, kan 'n SA Boerperd merrie van sy keuse nomineer om deur die hings beset te word teen 'n fooi R1500.00. Die vul sal aan die Stêrvul klas 2 jaar later deel kan neem. Die merrie moet op 31 Maart genomineer word.

*The owner of the stallion named in 2.1.2 can nominate a mare of his choice to be covered by the stallion at a fee of R1500.00. This foal can take part in the Star Foal Competition, 2 years later. The mare must be nominated on 31 March.*

2.1.4 Indien 'n genomineerde hings se dekking nie verkoop word tydens die veiling nie, het die eienaar van die hings die opsie om self 'n **addisionele merrie** se dekking van sy genomineerde hings te koop teen die **minimum bod** van daardie jaar. Die nominasie vind ook plaas op 31 Maart.

*If a nominated stallion's covering is not sold at the auction, the owner of the stallion has the option to nominate an **additional mare** of his choice to cover with the stallion at the cost of the **minimum bid** of that year. The nomination of such mare is 31 March.*

2.1.5 Deelname aan die Stêrvul klas is nie outomaties nie. Deelnemers moet spesifiek daarvoor inskryf.

*Participation in the Star Foal Class is not automatic. Participants must specifically enter for the class.*

2.1.6 Alle merries wat beset gaan word, moet teen 31 Maart van die betrokke dekkingseisoen genomineer word. Dit gee die eienaar van die merrie ruim geleentheid om dragtigheid te bevestig.

*All mares that will be covered, must be nominated by 31 March of the covering season. This gives the owner of the mare ample opportunity to confirm pregnancy.*

### 2.2 DEKKINGS | *COVERINGS*

2.2.1 Indien 'n hings sou vrek sal die koper sy geld, wat hy vir die dekking op die veiling betaal het, kan terug eis.

*If a stallion dies, the buyer of the covering reclaim the money paid for the covering at the auction.*

2.2.2 Indien die merrie nie dragtig is nie, of die vul dood gebore is of later vrek, kan daar 'n privaat ooreenkoms tussen die hings-eienaar en die merrie-eienaar aangegaan word rakende 'n verdere dekking. Die vul gebore uit dié ooreenkoms (of kontrak), sal nie aan 'n Stêrvul kompetisie kan deelneem nie.

*Should the mare not be pregnant, the foal is stillborn or dies after birth, a private agreement can be made between the owner of the stallion and the owner of the mare to arrange another covering. The foal born from such new arrangement (or contract), will not qualify to take part in the Star Foal Competition.*

2.2.3 Die dekkingseisoen is 1 Oktober tot 31 Januarie. Enige vul wat buite die dekkingsperiode gebore is, sal NIE kwalifiseer vir die Stêrvul 12 maande & jonger klas nie.

*The covering season is 1 October to 31 January. Any foal not born within the covering season, will NOT qualify for the Star Foal Competition under 12 months linked to that year.*

2.2.4 Alle merries moet getoets word vir dourine voor hulle by die hingste kom.

*All mares must be tested for dourine before being taken to the stallion.*

2.2.5 SLEGS hingste waarvan dekkings op die Stêrhings-veiling verkoop is se vullens kom in aanmerking vir die Stêrvul-kompetisie. Die vullens kan slegs vir een jaar as 0/12 maande vullens vir die klas inskryf.

*ONLY stallions of which the coverings were sold on the Star Stallion Auction may sire foals for the Star Foal Competition. These foals may only enter for one year as U/12 month old foals.*

## 3. INSKRYWINGS & BEOORDELING | *ENTRIES & JUDGING*

### 3.1 MAKSIMUM AANTAL INSKRYWINGS PER HINGS | *MAXIMUM NUMBER OF ENTRIES PER STALLION*

Na aanleiding van bg., sal daar altyd 'n **maksimum van twee** vullens per genomineerde hings aan die jaarlikse Stêrvul klas (slegs vullens jonger as 12 maande), kan deelneem.

Geen kruisinskrywings met In-Hand Skouklasse vir Hingsvul / Merrievul jonger as 12 maande word toegelaat nie.
*In the light of the above, there will always be **a maximum of two** eligible foals from one stallion to enter the Star Foal (foals younger than 12 months only), competition.*
*No cross entries with other in-hand classes (Colt- / Filly classes younger than 12 months), are allowed.*

**3.2 AANTEKENINGVOORWAARDES | *RECORDING CONDITIONS***

3.2.1 Bewys van die DNS verifiëring van ouerskap van die vullens moet voor die inskrywing bevestig wees.
*DNA verification of parentage of the foals must be confirmed before entering.*

3.2.2 DNS toetse soos tydens die vul aantekeningsproses by SA Stamboek, moes SA Stamboek reeds bereik het.
*DNA tests as for faolbook notification will be required as for all other SA Boerperd foals.*

3.2.3 ʼn Mikro-skyfie is verpligtend
*A microchip is compulsary.*

***3.3*** **BEOORDELING | *JUDGING***

3.3.1 Beoordeling vind plaas onder die beskerming van die SA Boerperd Telersgenootskap.
*Judging will take place under the auspices of the SA Boerperd Breeders Society.*

3.3.2 Drie beoordelaars sal die "high-low" metode gebruik om te verseker dat die beoordeling deursigtig is.
*Three judges will use the "high-low" system for judging to ensure a transparent process.*

3.3.3 Beoordelaars uit die paneel van beoordelaars van die Nasionale Kampioenskappe van daardie jaar sal aangewys word vir die beoordeling van die klas.
*Judges from the panel of judges of the National Championships of each year will be appointed to judge the class.*

3.3.4 Die Raad behou die reg voor om die finale besluit te neem t.o.v. die keuse van die beoordelaars.
*The final appointment of the judges is the prerogative of the Board.*

3.3.5 Daar mag voorsiening gemaak word vir uitdun-rondtes voor die finale beslissing.
*The class could be pooled before the final judging takes place.*

3.3.6 Die finale beoordeling word gesien as ʼn nuwe klas.
*The final judging will be deemed as a complete new class.*

***3.4*** **VERBODE MIDDELS | *PROHIBITED SUBSTANCES***

Toetse vir verbode middels wat ook toetse vir groei stimulante insluit, mag op ʼn lukraak basis uitgevoer word. Die koste daarvan sal deur die Stêrhings-fonds van die SA Boerperd Telersgenootskap gedra word.
*Tests for prohibited substances, that also include growth hormones, can be done at a ramdom basis. The costs for the above tests, will be covered by the SA Boerperd Breeders Society's Star Stallion fund.*